

Wilma Stockenström

NOG WOORDE GEBREEK OOR DIE SENSUUR

Dat die sensuur met ons is en minder of meer bekrompe met ons sal bly, namate die regerende party aan selfvertroue wen of verloor, is 'n feit wat ek verstaan soos ek ander noodsaaklike euwels van 'n nog onryp samelewing verstaan. Verstaan, ja, maar my nie daaraan steur vir sover dit my integriteit as kunstenaar in die gedrang bring. nie.

Daar is verskeie alternatiewe vir die skrywer in 'n land waar sensuur toegepas word. Hy kan uitsluitlik vir wins skrywe, outomaties selfsensuur beoefen en gedwee op voorskrif van redakteur en uitgewer veranderinge aan sy manuskrip aanbring. En nie kla nie. Hy kan òn vir profyt skrywe (besmoontlik onder 'n skuilnaam) òn wat hy brandend wil meedeel, skryf sonder dat dit deur hom of deur redakteur of uitgewer aan die norme van die sensors aangepas word, op gevaar af dat dié gedeelte van sy werk nie in druk sal verskyn nie. En bewus

in tweespalt leef en nie kla nie. Of hy kan hom slegs op nie-kommersiële skryfwerk toelê, geen sensuur gedoog nie en dit gelukkig tref om sy werk gepubliseer te kry, asook hom daarby berus dat van sy werk nie gepubliseer sal word nie.

Lg. skrywer kan desnoods sy werk privaat uitgee, of afrol en self versprei, met ander woorde, 'n samizdat ('n selfuitgewer) word in navolging van bepaalde skrywers in die Sowjet-Unie.

Dat Afrikaans na my wete nog so min selfuitgewers opgelewer het, bewys óf dat ons geen rede tot klagtes het nie, óf dat ons futlose skrywers is, óf dat die winsmotief by ons die deurslag gee.

Selfsensuur kenmerk die lafaard, en die gierigaard.